## VAN ONS SUSTERS

**Daar is sowaar 'n nuwe wyk. D2** wat ook uit studente bestaan het nou 'n wyksuster nodig. As daar enige iemand bereid is om te help in hierdie wyk, kontak asseblief vir Karin Bain.

**TEESKINK**

Soms is daar baie wat help en ander kere net 'n gideonsbende. Loer gerus in by die kombuis om te kyk of daar genoeg mense is. Gaan kyk sommer vandag wanneer jou wyk skink en teken dit aan in jou dagboek. Aan al die wyksusters wat so getrou help, baie dankie.

**Kerkraad-en diakensbeplanning en toerusting 27 Maart**

Ons hou ons jaarlikse beplanning vir ons ouderlinge en diakens op **27 Maart** van **17:30 - 21:00** in ons kerksaal. Ons gaan onder andere fokus op die manier waarop ons die evangelie as gemeente kan uitdra en ook op die ampswerk van diakens en ouderlinge. Ons gaan lekker saam eet so by 19:00 se koers. Enige gemeentelid is hartlik welkom om die geleentheid by te woon.

Gee asseblief u naam deur aan Johan Du Plessis 018 294 4600.

**Die wyksusters se toerusting word uitgestel tot 17 April om 18:30**

## VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir Barmhartigheid van Sondag 18 Maart 2018 was R 6 730.

Die kollekte ten bate van Ekumenisiteit (Buitelands) was R 2 010.

**DIAKONIE SE KOSKAS**




Baie dankie aan almal wat gehelp het om ons blikkieskos aan te vul. Ons het heelwat uitgedeel en dit lyk of ons nooit te veel daarvan sal hê nie.

Hierdie keer wil ons vra vir: toiletpapier, skottelgoedseep, waspoeier, lyfseep. Ons langlewe melk is ook gedaan.



**Kom drink lekker tee/koffie na die oggenddiens.**

*Ons nooi nuwe lidmate om te kom om kennis te maak*

**Susters van wyke A5 en A6 versorg vandag die tee.**

**Wyksuster van A5 is Leana Mostert en A6 is Hanlie Jordaan.**

**Ons vra dat lidmate van hierdie wyke ook kom help**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 34, nr 10 Sondag 25 Maart 2018

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402

rudynell@telkomsa.net

**Eredienste:** 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte:** Ouderlinge: **André Vorster** C5, **Tom Chambers** D1, diakens wyk C5 **Fanie Coetsee**, D1 **vakant.**
**Teeskink na die erediens:** Susters van **wyke A5 Leana Mostert en A6 Hanlie Jordaan.** Lidmate van dié wyke word gevra om te help.
**Huis Eikelaan om 15:30:** Ouderlinge van wyke B6 & C1. **Flip Mostert** en **Gert van der Walt.**
**Bussiediens:** Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **1 April** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

*Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers*

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

**OGGEND: Skrifgedeelte:** Psalm 73:1-28
**Fokusgedeelte:** Mattheus 5:8. Psalm 73:1,13,26
**TEMA:** ***God is goed vir die wat rein van hart is.***
**SING:** Psalm 9: 1, 2, 5 – 7; Psalm 51: 5, 8; Psalm 112: 1, 7 – 10;
Skrifberyming 14: 1, 2 (Tema 8 - 1)

---

**AAND: Skrifgedeelte:** Romeine 5: 12 - 21
**Fokusgedeelte: Romeine 5: 12, 15**
**Dordtse Leerreëls 5: 1, 2**
**TEMA:** ***'n Nageslag tot die dood wat oorgegaan het tot die lewe.***
**SING:** Psalm 7: 1, 5 – 8; Psalm 4: 1, 4; Psalm 107: 1, 14, 15

## LIEF EN LEED

**GELUKWENSE Wouna en Bennie van der Berg** se kleindogter **Selouna Visser** het haar graad in inligtings-tegnologie met lof geslaag. Ons is saam met Wouna en Bennie bly en dankbaar dat Selouna

**Dagboek**

28 Mrt: Skole sluit
29 Mrt: NWU sluit
30 Mrt: **Goeie Vrydag**
1 April: **PAASSONDAG**

ondanks die feit dat sy aan 'n rystoel gekluister is weens spinale spier-atrofie hierdie mylpaal behaal het.

**Orrie en Elaine Oosthuizen** ☏ 082 871 9007 se dogtertjie **Bea** was die afgelope week in die hospitaal vir toetse. Sy bly gewig verloor en die dokters kon nie vasstel wat die oorsaak is nie. Die uitslae van die toetse behoort volgende week beskikbaar te wees. Ons dra vir klein Bea op aan die Here se sorg.

**KLEINKINDERS** Ons is dankbaar saam met grootouers- **Fanie en Ems Jooste** ☏ 082 840 1156 en **Gert en Santa Meyer** 076 276 0300 wat albei 'n kleinkind ryker geword het.

**OORLEDE** Ons dink in besonder aan **Estie Duvenhage** ☏ 083 589 3105 wie se seun die afgelope week oorlede is. Die begrafnis is eerskomende Woensdag. Mag die Here vir haar en al haar lief en dierbares in die tyd onderskraag.

## VAN ALLES EN NOG WAT

**KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag:** Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Teologiese Studentekas**.
Goeie Vrydag se kollekte gaan ten bate van **Bybelverspreiding**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir ons **Jeugsorg**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

**KATEGESE**
**Vandag** moet **Les 9** en **Psalm 43: 3** geleer word.
**Maandag** lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 39
**Volgende 2 Sondae** geen katkisasie.
**Geen Woensdag**katkisasie weens vakansie.
Volgende Woensdagkatkisasie weer op Woensdag 11 April.

**BYBELSTUDIES**
**Geen Bybelstudies die volgende 2 weke nie. Begin weer vanaf 11 April.**

**GEHOORSTUKKE VIR DIE EREDIENS**
Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Hierdie apparate is van besondere hoë kwaliteit en help dat 'n mens alles tydens die erediens helder kan hoor. Maak asb. met die grootste vrymoedigheid van hierdie diens gebruik.





## VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ VAKANSIE

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die vakansie verjaar baie geluk met hul verjaardag:



| | |
|---|---|
| 25 Maart | **Elsie Buys,** Rosetuin2, no 18, ☏ 082 717 7738 |
| | **Johan Kirsten,** Buskusstraat 28, ☏ 084 549 0282 |
| | **Mien Prinsloo,** Huis Eikelaan TB 413, ☏ 082 888 7456 |
| | **Koos Theron,** Nieuwestraat 11, ☏ 072 713 6329 |
| 27 Maart | **Fedde Martens,** Sol Plaatjiesstraat 169 |
| | **Bennie van der Berg,** OR Tambolaan 130,☏ 083 356 6308 |
| 28 Maart | **Silvia Martens,** Sol Plaatjieslaan 169, ☏ 083 701 7271 |
| | **Susan Nortjé,** Plaas Boshoek, ☏ 079 781 0499 |
| 30 Maart | **Johanna van Vuuren,** Huis Eikelaan 114, ☏ 072 221 4410 |
| | **Marita van Wyk,** Huis Republiek, ☏ 081 249 9877 |
| | **Cathrien Wentink,** Esselenstraat 69, ☏ 083 630 6194 |
| 31 Maart | **Leone Malan,** Disastraat 12, ☏ 073 376 5321 |
| 1 April | **Pieter Wentink,** Esselenstraat 69 |
| 2 April | **Theon Chambers,** Vegkoppiestraat 13, ☏ 082 780 4148 |
| 3 April | **Peet Buys,** Rosetuin 2 no 18, ☏ 082 717 7738 |
| | **Susan Coetzee,** Le Rouxstraat 3, ☏ 079 506 5103 |
| 4 April | **Nico Spaumer,** Huis Eikelaan S29, ☏ 084 569 2106 |
| | **Anelle Venter,** Meulstraat 4, ☏ 082 572 0149 |
| 6 April | **Fedde-Paul Bisschoff,** Plot 164 |




**FOTOBORD** Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. Melissa Kent sal die foto's neem.

**DIE VOLGENDE ATTESTATE IS ONTVANG:**




Vanaf die Gereformeerde kerk Cachet: **Hester Kruger,** Villa Juventa B12, Silverstraat 3, sel 079 484 3796, en
**Corné Kruger,** Villa Juventa B12, Silverstraat 3, sel 063 245 7664. Wyk D1 ouderling Tom Chambers, diaken vakant, wyksuster Cornelia Chambers. Hulle is broer en suster.

*Baie welkom in ons gemeente.*